

90 JAAR VAN INVLOEDRYKE POLITIEKE EKONOMIE

Sampie Terreblanche

Ek het Lenin, JM Keynes en JA Schumpeter gekies as die drie invloedrykste politieke ekonome in Die Burger se artikel-reeks oor sy eerste 90 jaar. Ek het hulle gekies omdat hulle nie ekonome in die engere sin van die woord was nie, maar hulle verantwoord het oor wat as die gewenste politiek-ekonomiese stelsel behoort te wees. Al drie het ook aandag gegee aan hoe die politieke en ekonomiese fasette van die gesamentlike stelsel(s) op mekaar inwerk. Al drie het 'n eie mensbeskouing gehandhaaf en veranderinge in die menslike natuur voorgestel en/of waargeneem wat telkens die politiek-ekonomiese stelsel wat hulle bepleit het haalbaar sou maak.

Al drie het in die eerste helfte van die 20ste eeu gepubliseer toe botsende ideologië oor die politiek-ekonomiese stelsels hoogty gevier het en desperate pogings aangewend is om “stelsel-oplossings” te vind vir die wanorde wat van 1914 tot 1945 ondervind is.

Vanaf 1914 beleef die wêreld die agteruitgang van Laissez-faire Kapitalisme en die opkoms van Kommunisme, Fasisme, Korporatisme en Intervensionistiese Kapitalisme. Dit lei byna tot die algehele ondergang van demokrasie en kapitalisme. Aan die begin van die 1940s, het slegs Brittanje en die VSA as grootmoondhede en kleiner lande soos Kanada en Australië, nog stelsels van demokratiese kapitalisme gehad. Die res van die wêreld het hulle toevlug tot onder politiek-ekonomiese -ismes geneem.

Lenin (of Vladimir Ulyanov) (1870-1924) het hom as jong man in die geleedere van die revolusionêre elite in Rusland bevind wat hulle vir 'n omverwerping van die onderdrukkende Tsaristiese bewind beywer het. Teen die einde van die 19de eeu het hierdie revolusionêre elite Marx en die ortodokse Marxisme ontdek en gehoop dat die revolusionêre aanslag van hierdie denkstrominge aan hulle 'n formule sou bied om van Tsarisme ontslae te raak.

Lenin het ná 'n intensiewe studie van Marx mettertyd om veral drie redes ontgogel geraak met Marx se voorspellings dat 'n Proletariese revolusie spontaan sou uitbreek. Hy was eerstens dronkgeslaan deur die onvermoë van die Russiese werkers om spontaan – soos Marx in die voortuitsig gestel het – 'n radikale klasse-bewussyn te ontwikkel wat hulle gereed sou maak vir revolusionêre politieke aksie. In 'n poging om hierdie probleem op te los, het Lenin die idee ontwikkel dat 'n radikale klasse-bewussyn by die werkersklas gekultiveer kan word onder die leiding en aansporing van 'n goed-georganiseerde revolusionêre party wat as die “vanguard of the proletariat” sou optree.

Lenin het vanaf 1903 sy “vanguadisme” met soveel kragdadigheid ontwikkel dat hy in botsing met die owerheid gekom het en hom tot 1916 byna ononderbroke in die tronk of in buitelandse bannelingskap bevind het.

Die tweede probleem wat Lenin met Marx se idee van 'n Proletariese revolusie gehad het, was dat so 'n revolusie volgens Marx net in 'n hoogsgeïndustrialiseerde land en gedurende die finale of monopolistiese fase van Kapitalisme sou plaasvind. Rusland was destyds nog geensins 'n hoogsgeïndustrialiseerde land nie. Lenin het besef dat dit nog etlike dekades – indien nie die bested deel van 'n eeu – sou neem voordat Rusland 'n stadium van Kapitalistiese ontwikkeling sou bereik wat dit “ryp” sou maak vir 'n revolusie. Dit bring hom tot die oortuiging dat die Bolsjewistiese party (wat in 1903 gestig is) in sy hoedanigheid as die “voorhoede van die proletariaat” 'n staatsgreep sal moet uitoefen wanneer die staat kwesbaar is ná 'n oorlog en te midde van die ontevredenheid in die geleedere van die landvolk. Só 'n toestand het hom in 1917 voorgedaan.

Lenin het ook 'n derde probleem met Marx gehad. Lande soos Brittanje, Frankryk en Duitsland was in 1914 reeds hoogsgeïndustrialiseerd met sigbare vorme van monopolistiese kapitalisme. Nogtans het 'n Proletariese revolusie nie in 1914 plaasgevind soos wat entoesiasies in sosialistiese kringe in die jare vóór 1914 voorspel is nie. In sy 1917-boek, *Imperialism, The Highest State of Capitalism*, ontwikkel Lenin 'n nuwe revolusionêre teorie. Hy beweer dat die ontwikkelde kapitalistiese lande in die “kern”

soveel winste maak deur hulle imperialistiese uitbuiting van lande op die onontwikkelde “periferie”, dat hulle hul eie arbeidsmag kan “omkoop” om van hulle revolusionêre voornemens af te sien. (In die skrif van hierdie boek het Lenin swaar gesteun op die boek van John Hobson in 1904 gepubliseer oor die “imperialistiese uitbuiting” wat Brittanje gedurende die Anglo-Boere-oorlog gepleeg het).

Lenin ontwikkel die idee dat daar op die lande op die periferie (wat ook Rusland insluit) ‘n historiese plig rus om ter wille van die arbeidsproletariaat in die hele wêreld ‘n Sosialistiese Revolusie in die perifere lande van stapel te stuur wat uiteindelik moet “inkring” na die kern om ook dáár die arbeidersklas van kapitalistiese uitbuiting te bevry.

Lenin het op 7 November 1917 ‘n suksesvolle Bolsjevistiese Revolusie in St Petersburg uitgevoer en in die daaropvolgende sewe jaar ‘n militêre diktatuur (of militêre vanguardisme) in Rusland gevestig wat reeds in sy tyd – maar veral in die tyd van Stalin – uiters wreed en onverdraagsaam was.

Lenin was van mening dat die menslike natuur soos klei is en dat ‘n nuwe model van die menslike natuur en gedrag deur radikale sosiale ingenieurswese gevorm kan word ter wille van ‘n kommunistiese modelstaat. Hy was van mening dat ‘n sentraal-geleide sosialistiese ekonomie (of ‘n stelsel van “oorlog-kommunisme”) ingevoer kon word wat net so gedissiplineer en doeltreffend in vredestryd sal funksioneer as wat die Duitse oorlogsmasjien gedurende die oorlog gefunksioneer het. Ná die Russiese burgeroorlog het Lenin in 1921 ‘n markgeoriënteerde beleid afgekondig om Rusland van ondergang te red. Dit was bedoel om slegs tydelik te wees om Rusland van ‘n ekonomiese katastrofe te red.

In hoeverr die vyfjaarplanne en die sentraalgeleide ekonomie wat Stalin vanaf 1928 ingestel het in ooreenstemming met Lenin se “ideale” sosialisme was en of dit bloot ‘n wrede en gevorseerde proses van industrialisasie en militarisasie was, bly tot vandag ‘n onbeantwoorde vraag. Wat wel bo twyfel staan is dat die Sowjet Unie in die dertig jaar

besonder vinnig geïndustrialiseer het en in die veertigerjare 'n gedugte militêre moontheid was.

Die grootste raaisel is egter hoe daardie politiek-ekonomiese stelsel – ten spyte van sy inherente ondoeltreffendhede en onmenswaardighede – vir byna 50 jaar ná die Tweede Wêreldoorlog kon bly voortbestaan.

John Mynard Keynes (1883-1946) het in die intellektuele atmosfeer van Cambridge groot geword. 'n Biograaf beskryf hom as “radiant, brilliant, effervescent, gay, full of impish jokes [and] always cheerful ... He gave the feeling that the world could not get seriously out of joint ... when he was busy in it.”

Gedurende die Groot Depressie (1929-1933) is sy wêreld egter uit sy voeë geruk en het hy die massale werkloosheid (van 40% in Duitsland, 30% in Brittanje en Frankryk, 25% in die VSA) baie ernstig opgeneem en naorstigtelik na 'n oplossing gesoek.

Keynes was geskool in die ortodoksie van die neo-klassieke skool van denke wat die teoretiese grondslag vir die stelsel van Laissez-faire Kapitalisme verskaf het. Hiervolgens is aanvaar dat die meganisme van vraag en aanbod spontaan (d.w.s. sonder owerheidsinmenging) van prysaanpassings 'n toestand van ewewig sal skep op elke afsonderlike mark (insluitende die arbeidsmark) en dat daar gevolglik ook (makro-ekonomiese) ewewig in die ekonomie as geheel bewerkstellig sal word. Volgens die neo-klassieke skool was dit onmoontlik dat so 'n grootskeepse ooraanbod op die arbeidsmark kon ontstaan.

Die Britse regering het destyds 'n komitee onder die voorsitterskap van Harold Macmillan aangestel om die werkloosheidsprobleem te ondersoek. Die voorste Britse ekonome – almal geskool in die neo-klassieke tradisie – het voor die komitee getuig dat hulle nie weet wat aangaan nie en dat so iets nie behoort te gebeur nie.

Keynes het getuig dat hy 'n idee het wat verkeerd geloop het maar dat hy sy teorie in 'n boek uiteen sal sit.

Die boek – *The General Theory* – is eers in Desember 1936 gepubliseer. Hierin beweer hy dat 'n sameloop van politieke, sosiaal-ekonomiese en psigologiese faktor tot 'n uiters gebrekkige werking van die kapitalistiese ekonomie gelei het en dat daar gevolglik 'n toestand van *onderindiensnemingsewewig* ontstaan het. Onmiddellik ná die verskyning van sy boek het sommige van die neo-klassieke ekonome hom uitgelag en gesê 'n toestand van ewewig én onderindiensneming gelyktydig 'n kontradiksie is. Keynes se verklaring vir massale werkloosheid was dat die totale bedrag wat op beleggings en op verbruikersgoedere bestee is in die dertigerjare te klein was om die produksie van 'n volksproduk te regverdig wat groot genoeg sou wees om werk te skep vir almal wat wil werk. Gevolglik pleit hy dat die owerheid tot die ekonome moet toetree en addisionele uitgawes met nuut geskepte geld moet finansieer om werklooses in diens te stel om – indien nodig – gate te grawe en weer toe te gooi. Op dié manier moet die owerheid seker maak dat die Totale Bestedings – op verbruik, belegging en owerheidsbestedings – groot genoeg sal wees om volle-indiensneming te bewerkstellig.

Hy was veral besorg oor die geneigdheid van die publiek om te veel te spaar en te min te verbruik. Hy wyt hierdie neigings eerstens aan die te ongelyke verdeling van inkome: die rykes is so ryk dat hulle ten spyte van hulle uitspattige lewenspatrone nie genoeg van hulle inkome op verbruiksgoedere bestee nie. Hy skryf die lae verbruiksneiging tweedens toe aan die morele en/of religieuse wanopvatting dat die opgaan van rykdom deur spaarsamigheid en vrekkingheid deugdelike optrede sou wees wat tot die voordeel van sowel die individu as die gemeenskap sou strek. Hy beweer dat die wiede van die kapitalisme kan alleen aan die draai bly as mense soveel as moontlik van hulle inkomste so vinnig as moontlik op verbruik bestee. Hiermee het hy 'n pleidooi gelewer vir 'n nuwe moraliteit en vir 'n verandering van die natuur van die kapitalistiese mens ter wille van kapitalistiese oorlewing. Hierdie verandering in die menslike natuur is oor die afgelope 70 jaar baie suksesvol aangebring deur consumerisme en die gevolglike uitspattige lewenspatrone kenmerkend van die kapitalistiese mense.

Alhoewel Keynes baie bekommerd was oor die inherente gebrede van kapitalisme, het hy herhaaldelik sy geloof bevestig in die skeppende moontlikhede wat in individuele vryheid én in die middeweg tussen die anargie van Laissez-faire Kapitalisme en die tirannie van totalitêre stelsel skuil. Volgens hom was die voortbestaan van kapitalisme nie bedreig deur die inherente gebreke van kapitalisme nie, maar wel omdat die owerheid vanweë misplaasde liberale opvattinge – nie die nodige ondersteunende en korrigerende rol vis-à-vis die ekonomie gespeel het nie. Volgens hom moet die staat deur toepaslike monetêre en fiskale maatreëls volle-indiensneming skep, moet dit regulasie neerlê om die anargie van Laissez-faire Kapitalisme teen te werk en moet dit inkome gelyker verdeel ter wille van groter regverdigheid en ‘n hoër verbruikspatroon.

Hy het toegegee dat kapitalisme “is in itself in many ways extremely objectionable ... [but] wisely *managed*, can probably be made more efficient than any alternative system”. Hy beskou die 1930s as die oorgangstyd vanaf die ekonomiese anargie van Laissez-faire Kapitalisme na die volgende stelsel “which deliberately aims at controlling and directing economic forces [by government] in the interest of social justice and social stability”. Keynes het met hierdie argumente ‘n sterk saak uitgemaak vir ‘n stelsel van demokratiese kapitalisme en die interaksie en interafhanklikheid tussen die demokratiese en die kapitalistiese fasette op hierdie politiek-ekonomiese stelsel so sterk beklemtoon dat hy formules gevind het wat sowel demokrasie en kapitalisme gered het ... vir ten minste tot nou toe.

Joseph Alios Schumpeter (1883-1950) het in die keiser-koninkryk van Oostenryk en Hongarye in die geledere van die adelstand groot geword. Enersyds was hy gefasineer deur die sjarme van ou ridderlike beskawing en andersyds beïndruk deur die *Wirtschaftswunder* wat in die Duitse keiserryk van Wilhelm II aan’t ontplooi was. Hy het ‘n ridderlike beskawing as ‘n voorwaarde vir die *Wirtschaftswunder* gesien, maar was bekommerd dat die sukses van laasgenoemde eersgenoemde sou vernietig.

In teenstelling met Marx, Lenin en Keynes het hy nie fout gevind met die werkverrigting van die kapitalistiese ekonomie nie. Inteendeel, volgens hom was daar geen sprake dat die kapitalisme onder die gewig van sy eie mislukking sou ondergaan nie. Hy waarsku egter dat die sosiale instellings en ingesteldhede – wat die beskermende raamwerk gevorm het waarin kapitalisme gedy het – mettertyd deur die sukses van kapitalisme so ernstig ondermyn sou word, dat kapitalisme nie sal kan bly voortbestaan nie en dan deur sosialisme vervang sal word.

Schumpeter het in 'n groter mate as enige ander ekonoom die klem gelê op die dinamiese en immer voortstuwende karakter van kapitalisme. As gevolg van die voortdurende stroom van tegnologiese vernuwing en die suksesvolle toepassing daarvan in innovasies deur die entrepreneursklas, is die kapitalisme volgens hom verantwoordelik vir 'n proses van “skeppende vernietiging”. Hiervolgens word nuwe produkte, nuwe maniere van produseer, nuwe instellings en nuwe materiële rykdom geskep, maar terselfdertyd word bestaande instellings, ingesteldhede en beskawingswaardes vernietig. Mettertyd gaan die “waarde” van dit wat vernietig word, groter word as die “waarde” van dit wat geskep word!

Schumpeter was veral bekommerd oor die rasonale kritiese en selfs siniese lewensingesteldhede wat deur die kapitalisme by veral die intellektuele klas ingeburger word. Mettertyd sal hierdie intellektuele klas kapitalistiese instellings – soos eiendom, korporasies, markte, ens. – krities weeg en hulle te lig bevind om te bly voortbestaan.

Anders as Lenin en Keynes het Schumpeter hom nie vir 'n verandering van die mens se natuur beywer nie. Hy was egter bekommerd oor die soort kulturele en ekonomiese waardes wat deur die kapitalisme by mense ingeburger word en op dié wyse die natuur van kapitalisme ten kwade verander. Volgens hom hoef ons ons nie oor die doeltreffendheid van die kapitalisme te bekommer nie, maar wel oor “the kind of human beings it turns out and then leaves to their own devices, free to make a mess of their lives”.

Schumpeter publiseer in 1942 sy *Capitalism, Socialism and Democracy*. Hy verklaar hom sterk ten gunste van demokrasie en beweer dat dit die politieke stelsel van die toekoms gaan wees. Die groot vraag is egter of demokrasie as politieke stelsel met kapitalisme of met sosialisme in 'n politiek-ekonomiese "huwelik" behoort te tree. Hy gee toe dat demokrasie en kapitalisme in sy leeftyd in 'n huwelik gekoppel is, maar beweer dat dit bloot 'n oorgangsfase is en dat die demokratiese "vrou" mettertyd van haar kapitalistiese "man" ontslae sal raak en met sosialisme in die huwelik sal tree!

Meer as sestig jaar het verloop sedert Schumpeter voorspel het dat kapitalisme deur sosialisme vervang sou word. Die kapitalisme is vandag selfs meer suksesvol, meer dinamies en meer voortstuwend as wat dit in Schumpeter se leeftyd was. Dit wil dus voorkom asof sy voorspellings – net soos die van Marx – nie bewaarheid gaan word nie. Schumpeter was egter van mening dat wanneer politiek-ekonomiese stelsels ter sprake is, 'n 100 jaar 'n kort tydperk is en dat dit die taak van 'n ekonoom is om hom/haar te verantwoord oor "the tendency towards another civilization that slowly works deep below".

'n Mens wonder wat Lenin, Keynes en Schumpeter te sê sou hê as hulle kon terugkeer en met die stelsel van Globale Kapitalisme en die ongelykhede tussen die Ryk Noorde en die Arm Suide gekonfronteer sou word.

Lenin sou waarskynlik met onsteltenis kennis geneem het van die groot ongelykhede tussen die Ryk Noorde en die Arm Suide en dit aan "neo-imperialistiese" uitbuiting toegeskryf het. Gevolglik sou hy hom waarskynlik met hernieude oorgawe vir 'n voortsetting van 'n "sosialistiese stryd" teen die Ryk Noorde beywer het.

Keynes sou seker redelik tevrede gewees het met die hoë verbruikspeile en met die stabiliteit en die hoë peil van indiensneming wat die geïndustrialiseerde lande oor die afgelope 60 jaar gehandhaaf het. Hy sou waarskynlik met reg daarop kon aanspraak maak dat hierdie goeie prestasies tot 'n hoë mate aan sy makro-ekonomiese beleidsmaatreëls en aan die wisselwerking tussen demokratiese kontrole en kapitalistiese vryheid te danke is.

Maar hy sou waarskynlik baie ontsteld wees oor die “herlewing” van neo-liberalisasie, die deregulering van kapitaalvloei en die “terugrol” van die staat sedert 1980. Hy sou seker gewaarsku het dat in hierdie gedeeltelike herstel van Laissez-faire Kapitalisme die gevare van anargie weer na vore kan tree.

Schumpeter sou waarskynlik baie beindruk wees met die voortstuwende dinamika van kapitalisme oor die afgelope 60 jaar. Terselfdertyd sou hy seker leedvermaak beweer dat dit nie meer lank sal wees voordat kapitalisme onder die gewig van sy eie sukses ten gronde sal gaan nie!